DIE ERFENISSTIGTING; 'n Toekoms vir die Afrikaner se erfenisbates

(Opgedateer op 16 Augustus 2010)

AGTERGROND

Gebaseer op die suksesse van die Voortrekkermonument (VTM) en in die lig van die groeiende persepsie dat die Afrikaner se erfenisgoedere bedreig word, is die Erfenisstigting (ES) gedurende Augustus 2002 as 'n afsonderlike Artikel 21-maatskappy sonder winsmotief geregistreer, met die doel "… om te help omsien na bedreigde erfenisgoedere, veral díe wat van besondere betekenis is vir die Afrikaanssprekende gedeelte van die Suid-Afrikaanse bevolking."

WIE KAN LEDE WORD VAN DIE ERFENISSTIGTING EN WIE BEHEER DIE STIGTING?

Enige persoon wat die doelstellings van die ES onderskryf en die toepaslike bydrae maak, kan 'n lid van die ES word. Met die nuutste wysigings aan die Statute, sal die volgende kategorieë van lidmaatskap bestaan:

Kategorie van lidmaatskap	Getal lede	Aantal direkteure
A1 (R50 000+ aansluiting plus R2 000 pj)	6	6
A2 (R10 000 aansluiting plus R2 000 pj)	4	2
B (R5 000 aansluiting plus R1 000 pj)	15	2
C (R1 000 aansluiting plus R200 pj)	104	3
Gekoöpteer		3

WIE DIEN TANS OP DIE RAAD VAN DIREKTEURE?

Naam	Afkomstig uit	Verteenwoordig
Bailey, Me A	Afriforum	Kategorie A1 lede
Bosman, JPG	Die Afrikanderbond	Kategorie A1 lede
De Wet, HC	Solidariteit	Kategorie A1 lede
Gouws, JD	ATKV	Kategorie A1 lede
Grobler, JEH	Die Voortrekkers	Kategorie A1 lede
Langner, Dr DJ	Helpende Hand	Kategorie A1 lede
De Stadler, Mev MB	Vriende van Afrikaans	Kategorie A2 lede
Hartzenberg, Mev C	SA Vrouefederasie	Kategorie A2 lede
Boshoff, CWH (iv)	Orania Beweging	Kategorie B lede
Willemse, MJ	Die Rapportryerbeweging	Kategorie B lede
Botha, PR	Privaat	Kategorie C lede
Cruywagen, AA	Privaat	Kategorie C lede
Dekker, LD (Voorsitter)	Privaat	Kategorie C lede
De Kock, Me MJ	Privaat	Gekoöpteer
Lourens, GM	Privaat	Gekoöpteer
Van der Merwe, Dr GA	Privaat	Gekoöpteer
Cruywagen, Dr WA (Beskermheer)		Sonder stemreg

'n Stelsel van rotasie oor 'n driejaar siklus en 'n maksimum van twee aaneenlopende dienstermyne is ingebou, ten einde aan die beginsels van gesonde korporatiewe bestuur te voldoen.

WIE BESTUUR DIE ERFENISSTIGTING?

Die personeel van die VTM Art 21-maatskappy, op 'n bo-en-behalwe grondslag sonder enige aanvullende vergoeding.

WAT DOEN DIE ERFENISSTIGTING?

Die Erfenisstigting se aktiwiteite word in drie breë, paralelle kategorieë ingedeel:

- Aksies gerig op die vestiging en uitbouing van die ES op 'n nasionale grondslag, insluitende:

    - Owerheidskakeling;
    - Verkryging van addisionele bronne van inkomste;
    - Heraktivering van plaaslike gemeenskappe om weer by erfenisbewaring in hul omgewing betrokke te raak;
    - Oorneem van bedreigde erfenisgoedere;
    - Oorneem van bedreigde erfenisterreine (sluit in oa Bloukrans in KZN, die Oranjerivierkampe te Doornbult in die Noord-Kaap en die konsentrasiekampkerkhowe te Mafikeng);
    - Bevordering van skakeling met ander kultuurgroepe;
    - Hulpverlening aan ander kultuur- en erfenisorganisasies, en
    - die kweek en vestiging van internasionale kontak.

    - Oprigting van 'n erfenissentrum teen 'n totale koste van R12,8 miljoen, insluitend 'n argief, biblioteek, navorsingsentrum, uitstalruimtes, kantore ens op die VTM Erfenisterrein. Die uitstalruimtes dien as 'n museum vir die Afrikaner, met die sentrale tema "Afrikaners in die twintigste eeu; bakens, brûe en baanbrekers – poskaartflitse uit die geskiedenis". Die Erfenissentrum is op 5 September 2008 amptelik ingewy en word allerweë as uiters suksesvol bestempel. Dit is intussen ten volle afbetaal.

- Oprigting van 'n Navorsingstrust, Die ES het as oprigter opgetree van 'n afsonderlike navorsingstrust, om te konsentreer op navorsing oor Afrikaner- en Afrikaansverwante aspekte, in die breedste sin van die woord en teen die breër Suid-Afrikaanse konteks. Die Navorsingstrust word deur 'n onafhanklike Raad van Trustees beheer, soos vakkundig geadviseer deur 'n Adviesraad van navorsingskundiges. Die Trust beoog om 'n aanvangskapitaal van R2 miljoen op te bou deur die werwing van 101 stigterslede teen R20 000 per persoon, welke proses reeds ver gevorder het. Daar is reeds meer as 60 stigterslede gewerf en meer as R2,3 miljoen vir die Trust ingesamel. Die Trust het ook reeds navorsings-toekennings ten bedrae van meer as R300 000 gedoen.

WIE IS LEDE VAN DIE RAAD VAN TRUSTEES

HOEDANIGHEID	NAAM
VOORSITTER	Harms, Sy Edele Regter LTC
VERTEENWOORDIGERS VAN STIGTERSLEDE	Cruywagen, Dr WA

	Davies, Prof EH
	Nieuwenhuis, Prof FJ
VERTEENWOORDIGERS VAN DIE ERFENISSTIGTING	Boshoff, Prof WS
	De la Bat, Mnr RS
	Retief, Dr FP
	Van der Elst, Prof J
	Verhoef, Prof G

Verdere inligting rakende die beleid van die ES en die kategorieë van lidmaatskap, is op aanvraag beskikbaar. (Kyk ook aansoekvorm hieronder).

Skakelbesonderhede:
Die Hoof Uitvoerende Beampte
Die Erfenisstigting
Posbus 1514
Groenkloof
0027

Tel no. : 012 326 6770
Faks no. : 012 326 8374
E-pos : hub@erfenisstigting.org.za
Tuisblad : www.erfenisstigting.org.za

AANSOEK OM LIDMAATSKAP VAN DIE ERFENISSTIGTING EN DIE VOORTREKKERMONUMENT
(Slegs een aansoekvorm word benodig)

Hiermee word aansoek gedoen vir die volgende kategorie van lidmaatskap van die ES en die VTM:

Kategorie van Lidmaatskap	Aansluitingsfooi (eenmalige bedrag)	Jaarlikse lede-geld (vanaf jr 2)	Merk met X wat van toepassing is
A-1	Minstens R50 000	R2 000 pj	
A-2	R10 000	R 2 000 pj	
B	R 5 000	R 1 000 pj	
C	R 1 000	R 200 pj	

Nota: Aansluitingsfooie as kategorie C-lede is nie van toepassing nie op bydraers van R2000+ aan die Navorsingstrust en Lewenslange Vriende van die Voortrekkermonument en van Bloedrivier nie. Die Kategorie C-lidmaatskap word komplimentêr aan genoemdes gegee, op voorwaarde dat hulle wel die toepaslike jaargeld (tans R200,00 per jaar) betaal.

Rig aansoek aan die HUB (by hub@erfenisstigting.org.za of 086 615 9587.) Die toepaslike aansluitingsfooie betaalbaar moet in **Die Erfenisstigting se lopende rekening inbetaal word by ABSA Pretoria Oos-tak, takkode 632005, rekeningnommer 4056 209 535**, met as verwysing: ES plus naam van instansie/individu. 'n Afskrif van die inbetalingsbewys moet asb gefaks word aan 086 615 9587.

Naam van besigheid/instansie: .....

Titel, volle name en van (aansoeker): ……..

.....

Identiteitsnommer / registrasienr. van besigheid: .....……..

Posadres:……..

Telnr:……..... Faksnr: ……...

Sel nr. ..... e-posadres: ……...

Datum: .....

Handtekening van aansoeker:.....…….....